

BELASTINGSEISOEN 2019 - SARS NEEM NOG 'N STAP OM DIENSLEWERING AAN BELASTINGPLIGTIGES TE VERBETER

Pretoria, 4 Junie 2019 - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) het aanlyn-indiening en indiening by SARS-takke verbeter met verskeie opwindende innoverings vir Belastingseisoen 2019, wat dit makliker en meer gerieflik sal maak vir belastingpligtiges om inkomstebelastingopgawes in te dien.

Die innoverings sluit ook in die uitreiking van aangepaste kennisgewings wat spesifieke dokumente aandui wat in die geval van 'n oudit of verifiëring vereis word en 'n gesimuleerde uitslag wat uitgereik word voor 'n belastingpligtige sy/haar opgawe indien.

Die oogmerke wat hierdie veranderinge dryf, is verbeterde dienslewering, toenemende omskakeling na aanlynkanale soos eFiling en die SARS MobiApp vir eenvoudige inkomstebelastingopgawes (wat voorlopige belastingopgawes uitsluit), asook die verbetering van ons vermoë om nie-nakoming na te speur.

Die vernuwing van die SARS MobiApp sal die selfs makliker maak as ooit tevore om 'n slimfoon te gebruik om 'n eenvoudige inkomstebelastingopgawe in te dien as gevolg van die nuwe gerieflike eienskappe:

- eenvoudiger navigasie
- die bekendstelling van biometriese egverklaring
- 'n eenmalige pin as 'n bykomende veiligheidsmaatreël
- die vermoë om gebruikersnaam en wagwoord te herstel
- veiligheidsvrae
- en die skandering en oplaai van stawende dokumente.

Die aanlynplatform eFiling is vernuwe om dit makliker te maak om te navigeer en die nodige funksies uit te voer om 'n opgawe in te dien, stawende dokumente in te dien en 'n betaling te maak, asook verbeterde blaaieraanpasbaarheid.

Hierdie jaar, hoef belastingpligtiges wat aan AL die volgende kriteria voldoen NIE 'n belastingopgawe in te dien nie:

Hulle totale besoldigingsinkomste vir die jaar, voor belasting, nie meer as R500 000 is nie

Hulle besoldigingsinkomste van slegs EEN WERKGEWER ontvang vir die volle belastingjaar

Hulle geen ander vorm van INKOMSTE (bv. motortoelaag, besigheidsinkomste, huurinkomste, belasbare rente of inkomste van 'n ander betrekking) het nie

Hulle geen bykomende toelaatbare belasting-verwante aftrekkings (bv. mediese uitgawes, uittree-annuïteitbydraes en reisonkoste) het om te eis nie.

Om verder onnodige besoeke aan SARS-takke te verminder, sal belastingpligtiges wat nie nodig het om 'n opgawe in te dien nie, 'n gesimuleerde uitslag van SARS ontvang asof hulle 'n opgawe ingedien het. Die belastingpligtige kan hierdie uitslag aanvaar of die opgawe updateer en indien.

Belastingseisoen 2019 begin op 1 Augustus vir belastingpligtiges wat hulle inkomstebelastingopgawes by SARS-takke indien.

Alhoewel, belastingpligtiges wat takke besoek sal aangeraai word om as gebruikers van eFiling en die MobiApp te registreer. Sodra hulle vir hierdie twee aanlynkanale geregistreer is, sal ons personeel demonstreer hoe om hierdie twee kanale te gebruik om 'n eenvoudige inkomstebelastingopgawe in te dien. SARS-takke sal wi-fi by ons takke verskaf vir belastingpligtiges om eFiling of die MobiApp te gebruik.

Belastingpligtiges wat vir eFiling geregistreer is of toegang het tot die MobiApp, kan reeds vanaf 1 Julie deur hierdie kanale hulle inkomstebelastingopgawes indien.

Die sluitingsdatums vir Belastingseisoen is soos volg:

- 31 Oktober 2019 vir indiening by takke.
- 4 Desember 2019 vir nie-voorlopige belastingpligtiges wat eFiling en die MobiApp gebruik.
- 31 Januarie 2020 vir voorlopige belastingpligtiges wat eFiling gebruik.

SARS bedank alle belastingpligtiges wat hulle belastingverpligtinge nakom. Ons bly toegewyd tot die belangrike werk wat 'n hoë vlak van belastingmoraliteit verseker en 'n kultuur van vrywillige nakoming. Ons sal die belastingpligtige bemagtig met belangrike inligting:

- Om die betaal van hulle belastingverpligtinge te verstaan,
- Om dit makliker te maak om na te kom, en
- Wanneer nodig, SARS in staat stel om beslissend op te tree en nakoming af te dwing.

In vennootskap met alle rolspelers, sal SARS aanhou om die hoër doelwit te dien van instaatstelling en bou van 'n bekwame, demokratiese staat wat volhoubaar ekonomiese groei en maatskaplike ontwikkeling koester tot die belange en welstand van alle Suid-Afrikaners.